Prince Albert
MUNICIPALITY

# KENNISGEWING: TOKEN IDENTIFIER (TID) OMSKAKELING

**Liewe kliënt,**

Daar is 'n hangende risiko wat alle STS voorafbetaalde elektrisiteitsmeters deur die hele Suid-Afrika raak. Die Token Identifiers (TID's) wat gebruik word om elke elektrisiteitskrediettoken te identifiseer, sal op 24 November 2024 nie meer beskikbare nommers hê nie, waar alle elektrisiteit voorafbetaalde meters sal ophou om krediettokens te aanvaar. Die oplossing is om 'n spesiale stel sleutelveranderingtokens in te voer om die sagteware op te dateer en die metergeheue terug te stel.

## 1. Hoekom opdater?

Die Token Identifiers (TID's) wat gebruik word om elke elektrisiteitskrediettoken te identifiseer, sal nie meer beskikbare nommers hê nie. Indien nie opgedateer nie, sal kliënte nie nuwe krediete op hul meters kan laai nie.

## 2. Hoe gaan Prins Albert die meter geskiedenis en sagteware regstel?

Wanneer klante elektrisiteit koop, sal hulle twee 20-syfer-opdateringskodes saam met hul gewone voorafbetaalde token ontvang. Alle ou tokens moet in die meter ingevoer word voordat die opdatering voltooi word.

## 3. Stappe vir die voltooiing van die herstel:

1. Sleutel in die eerste 20-syfer kode en wag vir die meterboks om dit te aanvaar of druk enter.
2. Sleutel in die tweede 20-syfer kode en wag vir die meterboks om dit te aanvaar of druk enter.
3. Sleutel u normale 20-syfer kragkoepon in om eenhede op die meterboks te laai.

**Daar is steeds 401 STS voorafbetaalde meters wat verander moet word. Die munisipaliteit sal hierdie meters vanaf 01 November 2024 oorskakel en daardie klante moet dan stap 3 hierbo volg voordat hulle hul normale eenhede kan herlaai. Indien jy enige verdere navrae het, kontak asseblief Prince Albert Munisipaliteit by 023 541 1668.**

09/10/2024.

**Z. NONGENE**
**Waarnemende Munisipale Bestuurder**
**10 OKTOBER 2024**